


# Kom saam!

DV 10 - 12 Oktober

Gewond Maar Onoorwonne!

Vegkop Feeskomitee 2025

# Vegkop 1836



## Die Pad na Vryheid

2025 Vegkop herdenking!

1961 Rebubliekwording!

1881 Majuba

1838 Bloedrivier

1836 Vegkop

1652 Die Kaap



Gewond Maar Onoorwonne!

**Vegkop Feeskomitee 2025**

# Oproep tot deelname

**Met groot genoeë nooi die Vegkop-herdenkingskomitee u uit na vanjaar se Vegkop-fees op die Vegkop Feesterrein. Dit is 20km suid van Heilbron geleë op die presiese plek waar dié geskiedkundige slag plaasgevind het in Oktober 1836, twee jaar voordat die Slag van Bloedrivier sou plaasvind.**
**Vanjaar se herdenkingsfees vind plaas op die naweek van 10-12 Oktober en beloof om elke feesganger te verryk, toe te rus en te besiel vir die stryd waarin ons volk tans gewikkel is. Kom put inspirasie uit die moed, durf en deursettingsvermoë van ons voorgeslagte. Kom ervaar eerstehands op hierdie heilige grond waar die Almagtige God 'n wonderwerk verrig het om ons volk uit doodsgevaar te verlos teen 'n aanslag van honderd en meer teen een...**
**Hier het Hy die onmoontlike moontlik gemaak, die kinderlike geloof in Sy almag geëer. Deur ons Vader se alvermoë, deur die verhoor van opregte gebede, het Hy die logiese verloop van die slag verander in 'n wonderbaarlike oorwinning vir die Trekkers. Aan die Almagtige, Drie-Enige God, beskikker van die lotgevalle van volkere en nasies bring ons die eer van hierdie wonderbaarlike oorwinning tydens hierdie fees-geleentheid. Ons herdenk die noue betrokkenheid van 'n gelowige volk en die God wat hulle aanbid. Ons put besieling uit die geskiedenis om ons weer moed te gee vir die stryd waarin ons staan!**
**Die feesganger gaan die gebeure van die slag intiem leer ken terwyl heerlike aktiwiteite vir oud en jonk tesame met gesellige kampkuier met mede-volksgenote 'n onvergeetlike feesnaweek waarborg.**
**Sien u by Vegkop!**



**Vegkop Feeskomitee 2025**

Gewond Maar Onoorwonne!



# Vegkop 1836

## Was jy al by Vegkop?

# Program

**Kampeerkoste vir naweek - R120/volwassene. Kinders onder 18 gratis**




## *Vrydag 10 Okt*

09:00 Aankoms & Registrasie
11:00 Feesopening / Verwelkoming / Vlaghysing
11:30 - 21:00 Fees aktiwiteite / Volkspele / Skyfskiet / Vasvra Kompetisie
Boeresport & prof. Erik Holm - Ossewa vertelling



## *Saterdag 11 Okt*

07:45 Vlaghysing
09:00 Sweep tentoonstelling & demonstrasie
10:00 Geskiedenis Vertelling deur dr. Albertus Breytenbach APK Akademie
12:00 Voorlaaier en Kanon demonstrasie
14:30 Feesrede deur mnr. Carel van der Grijp ANB Voorsitter
15:00 Boeresport
17:00 Vlagstryk
18:00 Bring & Braai / Saamkuier /
Tafereel: Die Slag van Vegkop
**(Kos & Koeldrank stalletjies. Terrein & Museum oop vir besigtiging)**



## *Sondag 12 Okt*

07:45 Vlaghysing
09:00 Erediens deur mnr. Manie Earle
10:00 Bedankings en Afsluiting

Gewond Maar Onoorwonne!

**KONTAK ONS PER WHATSAPP**
**079 258 6372**
**vegkopfees@gmail.com**

Vegkop Feeskomitee 2025

# Kaart en roete-wenke

Die GPS-koördinate vir die Vegkop-feesterrein is: -27,4786683; 27,9131092


Meeste paaie in die Vrystaat – soos in groot dele van ons land – is maar in ‘n slegte toestand. Feesgangers word dus gemaan om versigtig te ry en bedag te wees op slegte padtoestande, veral slaggate.

Die pad vanaf Sasolburg na Heilbron word tans (Julie 2025) herbou en daar is verskeie stop-ry punte. Hopelik sal hierdie herstelwerk teen Oktober vanjaar voltooi wees, maar dit is ‘n skrale hoop.

Die paaie vanaf Frankfort vanuit die Ooste na Heilbron en Reitz/Petrus Steyn (vanuit die Suide) is redelik begaanbaar.

Aan die Westekant is die pad vanaf Koppies asook die pad vanaf Kroonstad ook begaanbaar, maar waar dié paaie saamvloei is die pad in ‘n minder goeie toestand. Dit is nou spesifiek die R34 vanaf Edenville tot by Heilbron.

Die Koppies-Greenlandspad na Heilbron (die R723) is egter ‘n baie slegte grondpad wat geheel vermy moet word.




Gewond Maar Onoorwonne!

Vegkop Feeskomitee 2025



# Kamp geriewe

## Kampterrein:



**Gemaklike kampplek vir tente en karavane. Elektriese Kragpunte is beskikbaar.**

## Ablusiegeriewe:



**Gas-verwarm storte beskikbaar. Genoegsame toilette en wasbakke oor die hele terrein.**

**(Geen troeteldiere. Elektrisiteit moet spaarsamig gebruik word)**



Gewond Maar Onoorwonne!

Vegkop Feeskomitee 2025

# Vegkop 1836

*Kom kamp saam!*



## Koste:

Kinders onder 18 kamp gratis



**Dagbesoek:** R50 per persoon per dag



**Kampeer:** R60 per persoon per dag (R120 vir die naweek)

Bykos vir die aande se braai word voorsien!



**Braaipak:** R36

Sluit in:

- 135g Mini-biefstuk of 100-120g varktjop
- 100g wors

**<u>Bespreking van braaipakke voor 8 September asseblief</u>**

079 258 6372 (Whatsapp)

vegkopfees@gmail.com

*Kontak ons ook vir groep besprekings en moontlike afslag 😉

**<u>Betaal asseblief vooraf aan:</u>**

Vegkop Feeskomitee
Eerste Nasionale Bank(FNB)
Rekening no: 6316 350 8345
Verwysing: Voorletters en van

# Stalletjie Geleentheid

**Persone/groepe of besighede is welkom om 'n stalletjie op te slaan!**

## Koste: R200/stalletjie vir die hele naweek

## Krag kan voorsien word

## Whatsapp ons vir meer inligting en aansoekvorm



**079 258 6372**
**vegkopfees@gmail.com**

Gewond Maar Onoorwonne!

Vegkop Feeskomitee 2025

# Kamp Benodighede

| Persoonlik | Kamp | Kos | Ander |
|---|---|---|---|
| Bybel & Psalmboek | Tent & Tentpenne | Braai-toerusting | Medikasie / noodhulp |
| Badkamer sakkie | Kamp stoel | Eie kos voorraad & Vleis | Sonbrand room |
| Warm Klere | Slaapsak & Komberse | Gasbraaier | Kontant vir Stalletjies |
| Stapskoene | Gazebo | Eie breekware/ Eetgerei | Swart sakke |
| Hoed | Verlengkoord vir krag | Pak houtskool / braai hout | Ekstra toiletpapier |
| Kerk klere vir Sondag Erediens | Skottelgoed was toerusting | | Koplampe en flitsligte |

Vegkop Feeskomitee 2025

Gewond Maar Onoorwonne!

**BELANGRIKE INLIGTING:**
**GEEN OOP VURE TOEGELAAT. SLEGS GAS BY TENTE.**
**SLEGS VUUR BY DIE GEMEENSKAPLIKE BRAAI AREA.**

# Alternatiewe Verblyf



1. Donsveertjie Gasteplaas (072 218 6727)
Geleë in Heilbron, 20km vanaf die Feesterrein
9 eenhede, kan 20 mense huisves

2. 96 on Bree Gastehuis (076 615 2703)
Geleë in Heilbron, 20km vanaf die Feesterrein
8 Kamers' kan 15 mense huisves

3. Francolin Creek Wildsplaas (076 067 3144)
Geleë op 'n plaas ongeveer 40km Oos van Heilbron. 51km vanaf die Feesterrein/
14 Dubbelkamers, kan 35 mense huisves (Luukse safari-tente ook beskikbaar)

4. Monti Bello Gastehuis (082 331 9856)
Geleë in Heilbron, 20km vanaf die Feesterrein
5 Dubbelkamers, kan 10 mense huisves

5. Goedehoop Gasteplaas (082 551 1221)
Sowat 33km Suid-Wes van Heilbron geleë, 42km vanaf die Feesterrein.
Plaashuis met 5 kamers, kan 12 mense huisves

6. Vaalkrans Game Lodge (076 222 5084)
Sowat 30km Suid-Wes van Heilbron geleë, 46km vanaf die Feesterrein
4 Dubbelkamers, kan 8 mense huisves

# Alternatiewe Verblyf

7. Vaalkrans Bundu Camp (076 222 5084)
Sowat 30km Suid-Wes van Heilbron geleë, 46km vanaf die Feesterrein
2 Kamers, kan 4 mense huisves

8. Buffeldoorn Gasteplaas (Bespreek deur Lekkeslaap)
Sowat 40 km Wes van Heilbron op die Koppies-pad, dus ongeveer 60km vanaf Feesterrein
3 Kamers, kan 6 mense huisves

9. Damhuis @ Vaaldam (082 563 8878)
Langs die Vaaldam geleë, sowat 65 km vanaf die Feesterrein
4 Slaapkamers, kan 8 mense huisves

Vir diegene vir wie die kamplewe nie geskik is nie is daar heelwat ander verblyf in die nabye omgewing van die Feesterrein beskikbaar